

## VAARDIGHEDE IN DIE LAERSKOOL

### TYD EN KRONOLOGIE MOET VERSTAAN WORD

*Dr JJ Joubert  
OKB, Wellington*

'n Behoefte aan meer relevante onderwys is tans sekerlik die een belangrike aspek waaroor die nasionale opvoedkundige gesprek handel. Daarom moet daar 'n kurrikulum ontwerp word wat volgens afgebakende vakgebiede gestruktureer is, maar die afsonderlike elemente moet as 'n integrerende geheel ervaar word.

In so 'n kurrikulum is dit belangrik dat die volgende beginsels ingebou word, want anders sal daar nie relevante onderrig plaasvind nie, nl.: Samehang, kontinuïteit, progressie, vakintegriteit en missie. Dié proses sal voortdurend tydens beplanning in dié kurrikulum ingebou word.

- Met samehang in die kurrikulum word bedoel dat leerlinge bewus moet word van die onderlinge verband tussen feite wat hulle binne vakkonteks leer asook tussen vakke in die kurrikulum. Daar moet ook samehang wees tussen dit wat hulle op skool leer en wat hul daaglik buite die klaskamer ervaar.
- Kontinuïteit verwys na die voortbou op kennis wat reeds verwerf is.
- Progressie verwys na die beplanning wat gedoen word om voortdurende verwerwing van nuwe begrippe en vaardighede asook die hergebruik en toepassing daarvan in nuwe kontekste te bewerkstellig.
- Met vakintegriteit word verwys na die eiesoortige eise van die vak, naamlik:

- eie terrein van die werklikheid wat dit dek
- eiesoortige werkwyse
- eie struktuur en samehang van konsepte
- eiesoortige evalueringwyse.

**LET WEL:** In die primêre skool moet die sin van die vak en sy samehange met ander vakke aandag geniet. Hiervoor word spesifiek voorsiening gemaak deurdat transkurrikulêre faktore hierdie rol vervul.

Die vakintegriteit behoort in die senior primêre fase duidelik uitgeklaar te word met die oog daarop om

- progressie en kontinuïteit te verseker deur die verskaffing van 'n raamwerk
- duidelike vakspesifieke doelwitte te verskaf waarop werkskemas kan berus
- die noodsaaklike studie wat deur alle leerlinge gedoen behoort te word, aan te dui
- duidelik aan onderwysers, leerlinge en ouers aan te dui wat vervolgens verwag kan word
- verantwoordbare onderrig te verskaf
- die standaard te handhaaf en te verbeter
- relevant te wees.

- Die Missie van 'n vak is 'n kort en bondige opdrag waardeur die mikpunte bereik moet word sonder om die vakintegriteit in gevaar te stel.

Moontlike vakintegriteit en missie vir Geskiedenisonderrig in die primêre skool kan dan as volg geformuleer word:

Die historikus se taak is om die mens se rol in die verlede

- te verstaan,
- verduidelik en
- te beskryf

in terme van

- wat hy gedoen het,
- hoekom hy dit op so 'n manier gedoen het en
- wat die gevolge van sy daad is

Historici gaan deur middel van baie verskillende tegnieke en vaardighede terug na die verlede en probeer om

- te verstaan
- te verduidelik
- te beskryf

hoekom die mens op 'n spesifieke manier opgetree het en wat met hom as gevolg daarvan gebeur het.

Ons sal nooit weer die volle verhaal van die menslike verlede kan saamstel nie. Daar bly egter genoeg bewyse van menslike aktiwiteite in die verlede oor waardeur historici geskiedenis kan skep. Geskiedenis word dus gesien as pogings om die mens se rol in die verlede te interpreteer. Dit is nie die verlede nie, maar dit wat die historikus dink oor die mens se rol in die verlede.

Geskiedenis het nie uitsluitlik te doen met die oordraging van aanvaarbare feite nie, maar met die maak van ingeligte keuses asook die bekendstelling van bewyse aan

die hand waarvan sodanige oordele gemaak word.

#### \* Missie

Geskiedenis is die AKTIEWE ONDERSOEK, INTERPRETASIE, VERSLAGGEWING en BEOORDELING van DIT wat met die MENS in die VERLEDE GEBEUR het.

Om bogenoemde te bereik is dit noodsaaklik dat sekere vakspesifieke doelstellings en vakspesifieke doelwitte vir die leerlinge van die senior primêre fase geformuleer word.

Dit is uiters belangrik dat die onderwyser voortdurend dié missie in die oog hou. Om dit makliker te maak is dit verfyn tot vakspesifieke doelstellings en doelwitte.

- Dié doelstellings beskryf die omvang van die kennis, begrip en vaardighede en tree so vir die onderwyser rigtinggewend op.
- Vakspesifieke doelwitte dien as korttermynbakens vir die onderwyser om te bepaal hoe sy leerlinge vorder en wat hulle 'n bepaalde standerd in die vak behoort te verwerf of te bereik.
- Hiervolgens word gesikhte inhoud geselekteer en effektief beplan n.a.v. die leerplan.
- Dit behoort te verseker dat progressie en kontinuïteit ingebou word en dien ook as maatstawwe aan die hand waarvan die evaluering/beoordeling moet plaasvind.

Dit is belangrik om te begryp dat historiese kennis (inhoud) altyd op historiese gronde geselekteer word, terwyl doelstellings en doelwitte op opvoedkundige gronde berus.

Dit is ook belangrik om te weet dat hoe meer historiese kennis 'n leerling kan verwerk, hoe makliker sal dit vir hom/haar word om die doelstellings te bereik, aangesien historiese kennis slegs binne konteks beoordeel kan word.

Barbara Clark onderstreep die beginsel baie duidelik as sy beweer: "True learning can only take place when the pupils find the work fun, meaningful and stretching." (Aan die keuse van die "korrekte" inhoud word in 'n volgende artikel aandag gegee.)

Vakspesifieke doelstellings wat bepaal is vir 'n kurrikulumontwikkelingsprojek in 'n aantal geselekteerde skole van die KOD:

#### Historiese werkwyse

- 1.1 Verkryging en evaluering van bronne/getuienisse
- 1.2 Verslagdoening

#### Historiese interpretasie

- 2.1 Interpretasie
- 2.2 Historiese Empatie

#### Historiese kennis en Begrip

- 3.1 Verandering en kontinuïteit
- 3.2 Oorsaak en Gevolg
- 3.3 Kronologie en Tyd
- 3.4 Invloed van die Omgewing
- 3.5 Kerneienskappe van tydperke

\* Die een enkele vakspesifieke doelstelling wat deurlopend met die ander doelstellings verweef is, is Tyd en kronologie. (Dié doelstelling word deurlopend verwoes deur lyste datums wat deur leerlinge geleer moet word. Juis daarom moet dié doelstelling baie goed deurdink en dan aangebied word.)

'n Program om die doelstelling aan leerlinge bekend te stel.

#### 1. **Aanvangstadium** (Kleuters van 5 - 8 jaar)

Kleuters het baie min begrip van die konsep tyd. Hulle word op 'n deurlopende basis gebombardeer deur verwarrende tydssterme (sekonde, minuut, uur, dag, eeu, ens.). Selfs die kleinste baba huil, hy beleef tyd omdat hy moet wag dat iemand hom help. Dit

ontwikkel later in sy konsep van dag en nag. Volgens Springer kan die meeste Amerikaanse kleuters onderskei tussen dag en nag en oggend en aand. Meer as 85% weet hulle ouderdom, maar kan eers in ongeveer hulle st. 1-jaar bewys dat hulle 'n konsep van hulle ouderdom het. Hier plaaslik besef ons dat die aanleer van bogenoemde moeilik is, maar wend geen definitiewe poging aan om dit te ontwikkel nie.

Ames het bevind dat kleuters, met goeie hulp, maklik op die ouderdom van vyf kan sê watter dag dit is. Volgens haar kan kinders ook maklik reageer op tydsbevele, die toepassing daarvan en ten slotte kan hulle maklik vrae oor tydsverloop beantwoord.

Daarom glo ek dat ons doelbewus die kleuter se tydskonsep moet ontwikkel al weet ons dat dit 'n moeilike begrip is. Juis daarom moet dit op 'n deurlopende wyse progressief aan die kleuter oorgedra word.

A. Kleuters se begrip van tyd word die beste ontwikkel deur hulle doelbewus te laat waarneem hoe hulle en dinge rondom hulle met verloop van tyd verander.

Hulle moet dus geleer word om veranderinge oor kort en ook langer tydperke waar te neem. Die kleuters moet egter in 'n bespreking oor die veranderinge begelei word sodat verseker kan word dat hulle sekere woorde, wat aan tyd gekoppel is, verstaan (eerste, laaste, dan wanneer, volgende, voor daarna, ens.).

Daar kan nie genoeg oefeninge hierin gegee word nie, bv. rangskik die volgende prentjies in die regte volgorde.

Die oefening kan makliker of moeiliker gemaak word deur die groepies prentjies as eenhede beskikbaar te stel, of deur die individuele prentjies los te knip en deurmekaar te skommel.

B. 'n Volgende stap sal wees om die kleuter lysies te laat maak van sekere veranderinge rondom hom, bv. winter, lente, somer herfs.

Gebruik roetine om tyd aan te leer. Ons meet daaglik tyd; die meeste van ons dink dat dit belangrik is. Tydperke soos seisoene, dag, nag en weke is ook vir kleuters belangrik. Daarom behoort hulle ge oefen te word om te verstaan dat 'n sekere tydeenheid altyd dieselfde lengte duur - dit voel slegs vir 'n mens dat die tydeenheid soms langer as ander kere is, byvoorbeeld

### Wat is 'n minuut

Dit kan soms *lank* wees ...!

- wanneer ek wag dat die koekies gaar word.
- wanneer ons op pad is om vakansie te gaan hou.
- wanneer my hare gesny word.
- wanneer ek kamer toe gestuur word.
- wanneer ek wag dat my beste maat moet kom kuier.
- wanneer my klein boetie of sussie my hinder.

Maar dit kan ook *kort* wees ...

- wanneer ek met my vlieër, motor of pop speel.
- wanneer my pa vuurwerke skiet.
- wanneer ek in die branders speel.
- wanneer ek televisie kyk.
- wanneer ek met my hond speel.
- wanneer ek 'n glibberige padda probeer vang.
- wanneer ek my gunsteling roomys eet.

**Dus:** 'n minuut is 'n minuut. Dit kan lank of kort wees - dit hang af hoe jy dit beleef.

Wat belangrik is, is dat die kleuter moet besef dat tyd relatief is. Vir 'n baba is 'n dag miskien sy hele lewe. Vir 'n 85-jarige persoon is dit slegs 'n fraksie van sy lewe. Juis omdat tyd so 'n relatiewe begrip is, moet ons kleuters daaraan gewoond maak dat 'n bepaalde tydeenheid altyd dieselfde

lengte het. Voorbeelde van hoe dit aangeleer kan word, is:

- Leer hulle 'n "presiese" daaglikse roetine; dit behoort hulle ook 'n gevoel van sekuriteit te verskaf, bv. "Nadat ons gewerk het, gaan ons ..." en "Nadat ons gaan stap het, gaan ons ...".
- Verskaf altyd die korrekte tydsbevele. Hoe meer dit herhaal word, hoe beter, bv. vandag, vanmiddag, 'n bietjie later, gister, eergister, verlede week, volgende week, ens.
- Die gebruik van arbitrêre meetinstrumente verskaf aan die kleuter betekenisvolle ondervinding oor die konsepte van aaneenlopendheid, gebeurtenisse wat op mekaar volg en die oneindigheid van tyd.

Indien dit korrek gedoen word, behoort kleuters daardeur voorberei te word om tyd op die tradisionele manier af te lees, iets wat normaalweg teen die sewende jaar begin plaasvind. Daarom beveel ek aan dat kleuters gereeld met die volgende moet kan speel:

- (a) 'n uurglas;
- (b) 'n ou alarmhorlosie;
- (c) 'n kombuishorlosie - wat bv. slegs vir 60 min afgemerk is;
- (c) 'n stophorlosie.

Kinders kan dit dan gebruik om te sien hoe lank dit duur om sekere take in die speelkamer uit te voer, bv. om die boublokke te bêre/bou, 'n bal te bons ens.

## 2. Groter leerlinge (± 9 jaar - 12 jaar)

### 2.1 Inleiding

Springer beweer dat die rangskikking van gebeure in vroeër of later teen die ouderdom van sewe jaar gevestig is in die kind se intellek, alhoewel dit nog steeds oorheers word deur ondervindinge en konkrete gebeure. Die basiese tydsbegrippe, bv. jare en seisoene is op ouderdom agt gevestig. 'n Werklike insig in die abstrakte konsep van tyd, was slegs

teenwoordig by vyftig persent van dertienjarige wat getoets is. Dit is nie voor die ouderdom van elf jaar dat die beginsel van historiese datums verstaan word nie. Op dieselfde ouderdom begin die leerlinge die vermoë ontwikkel om die begrip van historiese periodes te verstaan. Die vermoë om die jaargetal te noem toe 'n gebeurtenis plaasgevind het, beteken nie dat die kind die breë kronologiese raamwerk verstaan nie. Dit is slegs rondom die ouderdom van sestien jaar dat kinders 'n volledige insig in die begrip tyd openbaar.

Davies oordeel dat alle kinders Geskiedenis kan leer, want hulle het 'n vae begrip van die verloop van gebeure waarbinne nuwe gebeure ingepas kan word. Aangesien hierdie patroon egter so algemeen en vaag is, is daar geen rede vir die onderwyser om die werk op 'n gedetailleerde, kronologiese basis aan te bied nie. Aanvanklik is kinders beter daartoe in staat om die gedagte van verandering in tyd te besef as opeenvolgende onderwerpe so verskil ten opsigte van kleredrag, wapens, maniere van vervoer ens. dat dit treffend is.

Dit blyk dat meer as driekwart van die leerlinge eers op elfjarige ouderdom die grondliggende implikasies van historiese datums besef.

Dit is eers ná hierdie ouderdom dat die verlede in verskillende historiese tydperke verdeel kan word. (Kan ons hieruit aflei waarom datums as eksamineringssitems betreklik betekenisloos is?)

Terwyl ons in st. 2 nie van die leerlinge kan verwag om spesifieke datums aan te leer nie, moet ons daarna streef dat die leerlinge wel die tydsverhouding tussen sekere belangrike historiese gebeure insien, m.a.w. met behulp van die tydkaart leer die jong kind dat die een gebeurtenis "nader" aan 'n tweede gebeurtenis is as bv. 'n derde. Vanaf st. 2-5 moet voorts vry algemeen van tydkaarte gebruik gemaak word.

Die verskillende navorsers verskil oor hoe 'n tydsbegrip by die leerlinge gevestig moet word. Burns argumenteer teen die gebruik van tydkaarte en is ten gunste daarvan dat daar van die teenwoordige na die verlede teruggewerk moet word. Blyth is weer ten gunste van tydkaarte maar stem saam dat daar van die teenwoordige na die verlede

gewerk moet word. Burns beweer dat, omdat die begrip van tyd so abstrak is, oefening in die gebruik van tydkaarte oor 'n hele aantal jare versprei moet word.

Eers nadat die leerlinge 'n aantal onderwerpe, gebeure en persoonlikhede van verskillende periodes behandel het, moet dit op 'n tydbasis georganiseer word. Sy beweer ook dat jonger kinders net gebeure moet "versamel" vir latere gebruik en dat dit belangriker is dat hulle 'n insig in die verlede moet hê as wat dit is dat hulle gebeure volgens tydverloop kan rangskik.

Fines beweer dat die aanleer van die korrekte volgorde van gebeure nie bydra tot historiese insig nie. Hy oordeel dat kinders eerder aangemoedig moet word om analitiese en kritiese vrae te vra soos: watter verandering het plaasgevind? Hoe lank het dit geduur? Watter omstandighede moet in ag geneem word? Wat was die lewenstempo op daardie tydstip? Hierdie vrae kan vereenvoudig word en op 'n besondere voorbeeld van toepassing gemaak word, maar hulle moet altyd gevra word.

Die praktiese implikasies van bogenoemde is legio. Die twaalfjarige standerd drie-leerling kan 'n historiese datum leer, maar sal nog nie die volle betekenis daarvan begryp nie. Om hulle 'n idee te laat vorm van die tydsverskil, kan die leefwyses van die Voortrekkers en Swart volke met vandag se omstandighede vergelyk word. Wanneer die ontwikkeling van die mediese wetenskap, vervoermiddele en kommunikasie in die algemene geskiedenis afdeling van die sillabus behandel word, moet dit voortdurend vergelyk word met die Voortrekkerperiode. 'n Probleem is dat die Groot Trek tydperk nie baie verskil van die Veeboerperiode wat die leerlinge in standerd drie gedoen het nie. In die gedagtes van die deursnee standerd vier-leerling sal die twee periodes ineenvloei.

In die begin van die standerd vier-jaar moet hersiening, met behulp van 'n tydkaart, gedoen word van die belangrikste gebeure uit die standerd drie-leerplan. Eers nadat die hele S.A. Geskiedenis deel van die standerd vier-leerplan afgehandel is, moet die gebeure op 'n tydkaart georden word. Gedurende die res van die jaar moet gereeld na die tydkaart verwys word om die

leerlinge se geheue te verfris en om dit te vergelyk met gebeure uit die algemene geskiedenis. Die leerlinge moet nie bogenoemde tydkaart memoriseer nie, maar net bespreek.

Ek glo dat die vier kritieke konsepte van tyd wat leerlinge moet weet en probeer verstaan is:

- (a) Tyd is ontsaglik (Die aarde is bv. al 4,5 biljoen jaar oud)

## 2.2 Praktiese inoefening op 'n progressiewe wyse


Die vier vakspesifieke doelwitte in progressiewe orde is die volgende:

- (i) Terminologie i.v.m. tyd te kan gebruik bv. Verlede, hede en toekoms


- (b) Al beweeg tyd teen 'n konstante spoed voel dit soms of sekere tydperke vinniger of stadiger verloop.

- (c) Soms gebeur daar meer belangrike sake in 'n tydperk as in ander.


- (d) Tyd stap nooit nie. Die aarde draai altyd om sy eie as.



Is seker daarvan




Is slegs moontlikheid



Verander deurlopend

sketches by Chantal Hayez

## Waak teen anachronisme



Lewer kommentaar op die prente.

Onderwysers kan nie muurkaarte gebruik waarop inligting voorkom wat nie beskikbaar was toe die gebeurtenis afgespeel het nie. Bv. om 'n hedendaagse RSA topografiese kaart te gebruik om die trekroetes van die Groot Trek te verduidelik nie!

### (ii) Meting van tyd

- Moet kan verstaan hoe tyd in die verlede gemeet is
- Die maniere van tydmeting het verander en nie die tyd nie
- Moet kan verstaan hoe kalenders ontwikkel het
- Moet kan verstaan dat daar nie oral op aarde dieselfde tyd is nie (Tydsones)
- Moet kan verstaan dat sekondes, minute, ure, dae, weke, maande ens. wiskundige meeteenhede is
- Moet kan verstaan dat die draai van die aarde om sy eie as tyd veroorsaak
- Moet kan verstaan dat tyd in die natuur aanwesig is:

- Dag en nag
- Seisoene
- Plante se lewenssiklus
- Diere bv. migrasie
- Mense

## KALENDER WENTEL NOU SAAM MET DIE AARDE

Elmara Wilis skryf in Die Burger, 5 Februarie 1992

Planetarium (Kaapstad) - Die hemelruim sien in Februarie soos volg daaruit:

Nuwemaan is op 3 Februarie en volmaan op 18 Februarie. Sonsopkoms verander dié maand van 06:07 na 06:32 en sonsondergang van 19:52 na 19:21. Jupiter is in Leo, is vroeg in die aand al op en feitlik heelnag sigbaar. Saturnus gaan nou agter die son verby, en sal eers weer die laaste week van die maand teen sonop in die ooste sigbaar wees. Mars is in die ooste in die vroeë oggendhemel en beweeg in mid-Februarie van Sagittarius na Capricornus. Venus is vroegoggend baie helder in die ooste. Op 20 Februarie is Venus slegs 1 graad noord van Mars en op 29 Februarie slegs 1 graad noord van Saturnus. Ons kan dus twee konjunksies van die planeet in een week sien. Mercurius is teen sononder aan die einde van die maand laag in die weste, en nie baie helder nie.

### Woestynhorison


Teen die jaar wat ons nou ken as 63 vC, het Julius Caesar besef dat die kalender glad nie meer korrek was nie. In 46 vC, toe hy

homself al Pontifex Maximus genoem het, het hy reeds die hulp van 'n Egiptiese sterrekundige, Sosigenes van Alexandrië, ingeroep om 'n akkurate kalender saam te stel. Die Egiptenare het die seisoenale verskyning van die helderste ster, Sirius, oor die woestynhorison bestudeer en so die lengte van die jaar as 365.25 dae vasgestel. Om die kalender toe reg te stel, het Pontifex die jaar 46 vC verklaar as 'n jaar met 445 dae: die Jaar van Verwarring. In 45 vC is die nuwe Juliaanse kalender ingestel. Sosigenes het die skrikkeljaar voorgestel ("leap year") deur 'n ekstra dag by Februarie te voeg - dus "spring" die datum oor 'n dag van die week.


Maar die jaar is eintlik 365, 2422 dae lank, soos ons vandag weet. Daarom is in 1582 gevind dat die kalender weer verkeerd was. Toe is die Gregoriaanse kalender ingestel wat dadelik 10 dae uit daardie jaar weggelaat het (was die mense kwaad!) en 'n nuwe reël gekry het: Die eeu-jare sal alleen skrikkeljare wees as hulle deelbaar is deur 400. Dus was 1 800 en 1 900 nie skrikkeljare nie, maar die jaar 2 000 sal een wees.


Deesdae word een sekonde elke nou en dan voor die eerste sekonde van 'n nuwe jaar ingevoeg om ons kalenders absoluut in ooreenstemming te hou met wat met die aarde gebeur op sy pad om die son.

# Voorbeelde van tyd in die natuur




Hoe tyd ons alledaagse lewe beïnvloed










(iii) **Volgorde:** Die leerlinge moet geleer word dat alle historiese gebeure in volgorde plaasgevind het.

- Plaas 'n reeks datums in volgorde en verklaar waarom dit die korrekte volgorde is.
- Plaas figure in volgorde.



(iv) Plaas ingewikkelde gebeure in volgorde:

Opdrag:



Skryf 'n opstel oor die koms van die Hugenote na die Kaap. Plaas die tekeninge in volgorde en gebruik dit dan as riglyn vir die opstel.



# SEILSKEPE

Rangskik die volgende gegewens in die korrekte volgorde en voeg dit dan saam tot 'n paragraaf!



VANAF ± 1850  
 → **KLIPPER**  
 - spits boeg  
 - baie seile  
 - hoë snelheid

± 8ste - 12de eeu  
 → **GALEIE**  
 - Fenisiërs en Romeine  
 - lang, smal, plat roei-  
 spane en/of seile  
 ← een mas  
 ← slawe

15de - 17de eeu  
 → **GALJOEN**  
 - groter en vinniger as karaveel  
 - oorlogs- en handel-  
 skip

Die grootste seilboot was die **FRANCE II** (5800 ton, 127 meter lank) wat in 1911 te water gelaat is.


VANAF 12de eeu  
 → **KARVELE**  
 - eerste keer driehoek-  
 seile  
 - vinniger as galei  
 - vir ontdekkingsreise

Vroeër:  
 → Uitgeholde boomstamme, kands, vlotte, mandjies-bote.

(v) Tydkaarte saamstel:





(Maklik?)

# GROEI → MY STAMBOOM







1. Ura vir Mamma vir 'n foto.
2. Knip die gesigte van jou gesinslede uit.
3. Plak dit op jou stamboom.

5.2 Plaas die vervoermiddels in die korrekte volgorde



5.3 Plaas die goewerneurs/kommandeurs wat aan die Kaap regeer het in die korrekte kronologiese volgorde:



Willem Adriaan van der Stel

**Slot:**

Dié baie belangrike vakspesifieke doelstelling moet op 'n deurlopende basis aandag kry. Na die oefeninge moet tyd binne die konteks van die verskillende werkeenhede ingeoefen word.

Sonder tyd is daar geen Geskiedenis.  
Die toekoms is daarom Geskiedenisherhalend.

**Bronne geraadpleeg:**

- Ames, L. : "The Development of the Sense of Time in the Young Child", Journal of Genetic Psychology. New York, 1966, p. 166.
- Blyth, J. : History in primary schools. Londen, 1989.
- Burns, M. : This Book is about time. Boston, 1987.
- Clark, B. : Optimizing Learning. Londen, 1986.
- Davies, K. : Time and clocks. Londen, 1988.
- Fines, J. : Teaching History. Edinburgh, 1986.
- History - Social Science Framework : California State Board of Education, July 1987, Los Angeles.
- History in the Primary and Secondary years. 1989 : An HMI View. Londen.
- Jordaan, Van As : Ongepubliseerde KOD-referaat. Werkswinkel te OKB, 1992.
- Joubert, J.J. : Ongepubliseerde KOD-referaat. Werkswinkel te OKB, 1992.
- Mays, P. : Why Teach History? Londen, 1974.
- Medley, R. : "Grasping the profiling nettle in History", Teaching History, July 1989. Cambridge.
- Ongepubliseerde Aantekeninge : Graaff-Reinett se Kollege vir Afstandsonderrig. 1988.
- Springer, D. : "Development in Young Children of an Understanding of Time and the Clock". Journal of Genetic Psychology. New York, 1972.